

NOVEEN TER VOORBEREIDING  
OP DIE HOOGFEES VAN  
ST. FILIP NERI



APOSTEL VAN  
VREUGDE  
17 TOT 25 MEI

*DEUR ST. JOHN HENRY KARDINAAL NEWMAN C.O.*

Eerste Uitgawe, April 2021

© DIE ORATORIUM UITGEWERY™

‘n Afdeling van die Kongregasie van die Oratorium van  
St. Filip Neri in Oudtshoorn, ‘n Geregistreeerde Openbare Weldaadsorganisasie:  
Registrasie nommer 93/0000/036

Posbus 407, Oudtshoorn, 6620

Tel: (044) 203 9600 | Faks: (044) 272 0822

Publikasies van DIE ORATORIUM UITGEWERY™ verwoord die geloof, leerstellings en die lewe van die Katolieke Kerk. Dit is onder andere gebaseer op die Heilige Skrif, die dokumente van die Tweede Vatikaanse Konsilie en die Universele Kategismus van die Katolieke Kerk.

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring en –ontsluiting.

Uitleg, tipografie en setwerk: DIE ORATORIUM UITGEWERY™



NOVEEN TER VOORBEREIDING  
OP DIE HOOGFEES VAN ST. FILIP NERI  
APOSTEL VAN VREUGDE

17 TOT 25 MEI

*DEUR ST. JOHN HENRY KARDINAAL NEWMAN C.O.*

<i>DAG I</i>	ST. FILIP SE NEDERIGHEID	BL. 5
<i>DAG II</i>	ST. FILIP SE VROOMHEID	BL. 7
<i>DAG III</i>	ST. FILIP SE GEBEDSLEWE	BL. 9
<i>DAG IV</i>	ST. FILIP SE REINHEID	BL. 11
<i>DAG V</i>	ST. FILIP SE SAGMOEDIGHEID	BL. 13
<i>DAG VI</i>	ST. FILIP SE VROLIKHEID	BL. 15
<i>DAG VII</i>	ST. FILIP SE GEDULD	BL. 17
<i>DAG VIII</i>	ST. FILIP SE SIELESORG	BL. 19
<i>DAG IX</i>	ST. FILIP SE WONDERBAARLIKE GAWES	BL. 21





## ST. FILIP SE NEDERIGHEID 17 MEI - DAG I

Wanneer St. Filip van iemand gehoor het wat 'n misdaad begaan het, het hy altyd gesê: *“Dis alleen Gods genade wat my van soortgelyke oortredings weerhou.”* Wanneer hy gebieg het was dit sy gewoonte om waarlik oor sy sondes te ween en te sê: *“Ek was nog nooit in staat om werklik iets goeds te doen nie.”*

Toe een van sy biegtelinge op 'n keer verklaar het dat sy nie die ongemanierde optrede van sekere mense teenoor St. Filip kon verduur nie, veral omdat hierdie mense hom so baie verskuldig was, het St. Filip vir haar gesê: *“God sou my nie hierdie beproewinge laat verduur het as ek waarlik nederig was nie.”*

Toe een van sy geestelike kinders op 'n dag vir St. Filip vra: *“Vader, ek wil graag iets van u hê vir my devosies, want ek weet dat u 'n heilige is,”* het St. Filip baie kwaad geword en die persoon uitgeskel en gesê: *“Weg met jou! Ek is 'n duiwel, nie 'n heilige nie.”*

Aan 'n ander wat gesê het: *“Vader, die versoeking het by my opgekom dat u nie is wat die wêreld van u dink nie,”* het St. Filip geantwoord: *“Glo vir my, ek is net 'n gewone mens, soos alle ander mense, niks meer nie.”*

As hy gehoor het van iemand wat 'n hoe opinie van hom het, was St. Filip se woorde: *“Armsalige ek! Hoeveel dogtertjies gaan daar nie in die paradys wees met groter eer as ek nie!”*

St. Filip het altyd probeer wegstroom van enige vorm van eerbetoning teenoor homself. Hy kon dit nie verdra om die onderwerp of voorwerp van respek en hulde te wees nie. Op straat het mense dikwels gekniel wanneer hy aangekom het en probeer om sy klere aan te raak - hierdie gedrag het hom woedend gemaak en hy het gewoonlik sulke mense kwaai aangespreek en gesê: *“Weg met julle, uit my pad!”* Hy het glad nie daarvan gehou dat mense sy hand soen nie, alhoewel hy dit tog partykeer toegelaat het omdat hy nie 'n betrokke persoon se gevoelens wou kwes nie.

St. Filip het geen tyd vir wedywering of kompetisie gehad nie. Hy het in 'n goeie gees alles aanvaar wat vir hom gesê is. Hy het geen aanstellerigheid in houding, spraak of kleredrag verduur nie.

St. Filip het alle tweegesigte en leuenaars soos die pes vermy en sy geestelike kinders altyd vermaan om dieselfde te doen.

## 6

St. Filip was daarvoor bekend dat hy altyd ander se advies ingewin het, selfs oor onbenullige sake. Hy het sy biegtelinge altyd aangeraai om nooit op hulself te vertrou nie, maar altyd ander mense se raad en veral gebede te vra.

St. Filip het verkies dat mense hom geringskat en self minag.

St. Filip se gesprekke en omgang met mense is altyd gekenmerk deur sy vriendelike medelye en bedagsaamheid.

St. Filip het nooit daarvan gehou om oor homself te praat nie. Frases soos “*ek het gesê*” of “*ek het dit of dat gedoen*” het feitlik nooit oor sy lippe gekom nie. Hy het mense altyd aangemoedig om nooit hulself voorop te stel nie, veral nie waar hulle dit werklik verdien het nie.

Soos St. Johannes die Evangelis op sy oudag gesê het: “*Kindertjies, wees lief vir mekaar,*” so het St. Filip altyd herhaal: “*wees altyd nederig, moenie veel van jouself dink nie.*”

St. Filip het gesê dat ons, wanneer ons iets goeds gedoen het en iemand anders die eer daarvoor gekry het, onself daarvoor moet verheug en God daarvoor moet dank.

St. Filip het altyd gesê ‘n mens moet nooit sê: “*ek sal nie val of sondig nie,*” want so ‘n stelling kan as ‘n duidelike teken geld dat so ‘n persoon inderdaad sal val en sondig. Hy het dit nie geduld as mense verskonings vir hulle sondes probeer maak het nie en altyd sulke mense “*Mevrou Eva*” genoem, omdat Eva haarself probeer verdedig en regverdig het in plaas van om in nederigheid haar sondes te bely.

### GEBED

Heilige Filip, my glorieryke Beskermheilige, u wat nooit enige ag geslaan het op die prysing en goeie opinies van mense nie: verkry ook vir my, van my Here en Heiland, hierdie groot deug deur u voorspraak. Hoe hooghartig is my gedagtes nie dikwels nie, hoe minagtend my woorde en hoe ambisieus is my werke nie. Verkry vir my dié gawe sodat ek myself gering sal skat en dié kennis sodat ek sal weet hoe nietig ek eintlik is – dan sal ek my kan verheug wanneer ek verag word, en sal ek van harte poog om slegs groot te wees in die oë van my God en Regter.

## ST. FILIP SE VROOMHEID 18 MEI - DAG II



Die vurige vroomheid wat in St. Filip gebrand het was so intens dat hy partykeer as gevolg daarvan flou geword het, of daartoe gedwing was om homself op sy bed neer te gooi. Hierdie was sy siekte van goddelike liefde.

Toe hy jonk was het hy soms hierdie goddelike liefdesywer so sterk in homself voel brand dat hy op die grond neergeval en uitgeroep het: *“Nie meer nie, Here, dis genoeg.”*

Wat St. Paulus oor homself te sê gehad het is ook in St. Filip vervul: *“Ek word vervul met vertroosting - ek loop oor van blydschap.”*

Alhoewel Filip duidelik genot geput het uit die seëninge wat God hom gegee het, het hy altyd gesê dat hy nie God uit eiebelang wil dien nie - dit was uit liefde dat hy God gedien het, selfs al het hy geen bevrediging uit sy diensbaarheid teenoor God geput nie, sou hy nog steeds voortgaan om sy Skepper te dien.

Selfs as leek het Filip elke oggend Heilige Kommunie ontvang (destyds iets heel ongewoon). Later is hy as priester dikwels met verrukking en ekstase gevul terwyl hy die Heilige Mis gevier het.

Uitbeeldings van St. Filip toon hom gewoonlik in rooi gewade as teken van sy vurige begeerte om sy bloed vir Christus te stort.

Sy algehele toegewydheid aan Christus het tot sy spraak beïnvloed - die naam van sy Here en Heiland het hy altyd met groot deernis uitgespreek. Hy het buitengewone plesier daaraan gehad om die Geloofsbelydenis te bid en hy was so lief vir die Onse Vader-gebed dat hy so lank oor elke petisie gemediteer het dat dit dikwels vir sy aanhoorders gevoel het asof hy nooit deur dié gebed sou kom nie.

Sy toewyding tot die Allerheilige Sakrament was van so 'n aard dat hy nooit kon skaap alvorens hy nie Heilige Kommunie ontvang het nie. Wanneer hy die Passie van die Here gelees of dit oorpeins het, het hy homself so betrokke daarby gevoel dat hy bleek geword en dikwels begin ween het.

Op 'n keer toe hy siek was het sy volgeling vir hom 'n glas water gebring. Hy het die glas geneem maar voordat hy dit by sy lippe kon kry het hy hardop uitgeroep: *“O my Christus, aan die kruis was U so dors en tog kon hulle U niks anders as asyn en gal gee om te drink nie, en hier lê ek so gemaklik in my bed, met soveel mense wat my versorg en na my omsien.”*

Tog was St. Filip nie een wat veel ag geslaan het om die rol van emosies in 'n mens se geestelike lewe nie - hy het altyd gesê dat 'n mens nooit emosie met devosie moet verwar nie en dat trane geen aanduiding is dat 'n mens werklik lief is vir die Here nie. Hy het dikwels gesê dat iemand wat ween wanneer hy of sy oor godsdienst praat nie noodwendig heilig is nie.


Filip had 'n besondere toewyding en liefde tot die Geseënde Maagd. Maria se naam was dikwels op sy lippe en hy het altyd die volgende frase in sy gesprekke en gebede herhaal: *“Maagd Maria, Moeder van God, bid tot Jesus vir my!”* Baiekeer het hy bloot *“Maagdlike Moeder”* gebid en gesê dat die eenvoudige sinsnede alle moontlike eerbetuiging teenoor Maria bevat.

St. Filip was ook besonderlik toegewy aan die Heilige Maria Magdalena, tydens wie se waakmis hy gebore is, asook die Apostels Jakobus en Filippus, sowel as St. Paulus die Apostel en St. Thomas Aquino.

## GEBED

Heilige Filip, my glorieryke Beskermheilige, verkry vir my 'n gedeelte van hierdie gawe wat u so oorfloedig oor beskik het! U hart het gebrand met liefdesywer, my hart is dikwels so koud teenoor God. My hart is nog te veel gerig op skepsels, en nie my Skepper nie. Ek bemin dié wêreld nog te veel, hierdie wêreld wat my nooit gelukkig sal maak kan maak nie. O my God, wanneer sal ek leer om U bo alles te bemin? Verkry vir my, Heilige Filip, suiwer liefde, ware liefde, doeltreffende liefde vir God: Sodat ek hier op aarde al my lewe werklik aan God kan toewy en so eendag in die hiernamaals my Skepper saam met u en al die heiliges sal kan loof en prys.





## ST. FILIP SE GEBEDSLEWE 19 MEI - DAG III

Soos 'n ware dienaar van God was St. Filip van kleins af baie lief vir gebed. Vir hom was gebed 'n onmisbare deel van sy lewe, soos asemhaling. Sy gebedslewe het op 'n natuurlike manier uitgevloei uit sy gesindheid en houding teenoor die lewe en wêreld - hy was altyd gefokus op die dinge van God.

Dikwels het St. Filip vergeet om te eet omdat hy so opgevang was in gebed; by geleentheid was hy besig om aan te trek en het toe meegevoer geraak deur die een of ander hemelse gedagte, to so 'n mate dat hy half aangetrek die huis uit is. Mense het verklaar dat St. Filip met oop oë gebed het - dit was asof dit vir Filip makliker en natuurliker was om aan God te dink as aan aardse dinge.

'n Persoon wat onaangekondig of onverwags St. Filip se kamer binnegekom het sou hom bykans altyd in gebed vind. Dikwels sou St. Filip mense wat hom aangespreek het nie onmiddellik kon antwoord nie, omdat hy so verdiep in gebed was.

Selfs die eenvoudigste gebed kon St. Filip na diepe kontemplasie lei. Dit het naderhand vir hom nodig geword om doeltbewustelik afleiding te veroorsaak sodat hy nie gedurig in gebed verlore sou raak en sy gesondheid daaronder sou lei nie.

Voordat hy enige besluit geneem of transaksie beklank het, of vraag beantwoord het, hoe gering ook al, sou hy eers ernstig daarvoor bid. Dit was sy gewoonte om te bid wanneer hy bed toe gegaan het en wanneer hy vier of vyf ure daarna (want hy het nooit langer geslaap nie) wakker geword het sou hy outomaties dié gebed voortsit.

Mense wat kommentaar gelewer het oor die feit dat Filip altyd laat gaan slaap en vroeg opgestaan het om te bid, het dikwels dié antwoord gekry: *“Die paradys is nie vir luiards gemaak nie.”*

Dit was veral tydens groot plegtighede en Goeie Week dat St. Filip homself nog meer as gewoonlik op die ryk gebedeskat van die Kerk toegespits het.

Vir diegene wat moeite gehad het om lank te mediteer het St. Filip die raad gegee om kort skietgebede tot God te rig, soos: *“Jesus, vermeerder my geloof!”* of *“Jesus, help my om U nie te beledig nie!”*

St. Filip het daaraan geglo dat 'n huisgesin saam moes bid en het dié gebruik by baie van die vooraanstaande families van Rome ingevoer.

Toe een van sy biegtelinge hom vra hoe om te bid het hy geantwoord: *“Wees nederig en gehoorsaam en dan sal die Heilige Gees jou leer.”*

St. Filip had 'n spesiale toewyding tot die Derde Persoon van die Heilige Drie-Eenheid en het daagliks om die Heilige Gees se krag en leiding gebid.

Dit was St. Filip dan ook beskore om tydens een van sy nagtelange gebedsessies in die katakombes van St. Sebastiaan die Heilige Gees op tasbare wyse te ervaar. Onder die gedaante van 'n vlammeende vuurbol het die Heilige Gees sy liggaam deur sy mond binnegegaan en Hom in sy bors gevestig, waarna St. Filip vir die res van sy aardse lewe bonatuurlike hartkloppings sou ondervind, en fisies hitte sou uitstraal.

St. Filip het altyd gesê dat ons, wanneer ons agterkom dat ons gebede verhoor word, met nog meer ywer moet bid.

St. Filip se advies aan beginners in gebed was om die Vier Laaste Dinge (Dood, Oordeel, Lewe en Hel) te bepeins. Hy het altyd gesê dat die persoon wat nie bereid is om tydens sy aardse lewe die hel in sy gedagtes, vrese en selfs lewe te ervaar nie, die gevaar loop om by sy dood werklik die hel binne te gaan.


Om die belangrikheid van gebed te beklemtoon het St. Filip gesê dat 'n mens sonder gebed eintlik maar net 'n dier sonder rede is.

Baie van St. Filip se volgelinge het deur sy toedoen mense van diep gebede geword en deur hom is die gehalte van hul lewens verbeter, of hulle nou priesters, geneesherde, koopmanne, prokureurs, vakmanne, huisvroue of howelinge was. Sonder uitsondering het die impak van St. Filip se eie gebedslewe diegene met wie hy in aanraking gekom het se verhouding met God verbeter.

## GEBED

Heilige Filip, my glorieryke Beskermheilige, leer my deur u voorbeeld en verkry vir my deur u voorbede die genadegawe om my Here en God ten alle tye en in alle situasie te soek en om elke minuut van my bestaan in sy Goddelike Teenwoordigheid te lewe. Mag my verhouding met my Skepper altyd die belangrikste verhouding in my lewe wees. Soos die kinders van hierdie wêreld opkyk na die ryk en vername mense van ons samelewing en hulle eer betoon, mag ek met dieselfde toewyding hulde en eer deur my lewe betoon aan Hom wat die Bron van alle goedheid is. Soos die kinders van hierdie wêreld vreugde en genot put uit hul gesprekke en omgang met hul vriende, mag ek net so vreugde vind in my eie verbondenheid met die Heiliges en die Engelse, en veral met my Geseënde Moeder, die Heilige Maagd. Bid saam met my, Heilige Filip, soos u met u biegtelinge gebid het, sodat gebed vir my 'n vreugde sal word net soos dit vir hulle geword het.

## ST. FILIP SE REINHEID 20 MEI - DAG IV



Die Heilige Filip het deeglik besef hoeveel genot God uit 'n rein hart put en het van 'n vroeë leeftyd al oor die vermoë beskik om deeglik tussen goed en kwaad te kan onderskei. Dit was sy lewenstaak en passie om die boosheid as sy grootste vyand te beskou en alles in sy vermoë te doen om dit in sy eie lewe te bestry. En alhoewel St. Filip se vroeë jare en jongmenstyd midde-in die wêreld tussen allerhande mense deurgebring is, kon hy daarin slaag om homself van die losbandige, veral seksuele, tydsgees van sy samelewing te weerhou.

Nooit is daar 'n woord uit sy mond gehoor wat as vuil beskou kon word nie, sy manier van aantrek en die wyse waarop hy homself gedra het was onberispelik deugszaam. Op 'n keer, toe hy nog 'n leek was, het 'n groep sedelose mense hom probeer omhaal om sonde te pleeg. Toe St. Filip sien dat hy hulle nie kon ontvlug nie het hy begin praat oor hoe afskuwelik die sonde is en hoe alomteenwoordig God is. Dit het hy met soveel liefdesywer gedoen dat hy dié groep nie net kon laat afsien van die spesifieke sonde wat hulle in gedagte gehad het nie, maar hulle het hulself ook geheel en al bekeer.


By 'n ander geleentheid het 'n klompie slegte manne, wat gedink het St. Filip is eintlik net soos hulle, probeer om hom die verderf in te lei deur hom aan 'n groot versoeking bloot te stel sonder enige uitkomst. St. Filip het op sy knieë gegaan en so vuriglik begin bid dat die twee straatvroue wat saam met hom in die kamer toegesluit was dit nie gewaag het om hom te probeer versoek nie en selfs die vertrek in skaamte verlaat het. St. Filip se maagdelike reinheid het as't ware by hom uitgestraal. Sy oë had altyd so helder en jeugdige glans, selfs toe hy baie oud was. Nie net kon geen skilder ooit daarin slaag om reg aan sy oë te laat geskied nie, maar mense het ook gesê dat hulle nie te lank in sy oë kon kyk nie omdat dit soos 'n hemelse wese s'n gestraal het. Daar word ook vertel dat St. Filip altyd aangenaam geruik het; 'n slegte reuk 'n teken in daardie tyd, van swak higiëne van liggaamlike en geestelike reinheid. Sy aangename liggaamsreuk het baie mense opgeval, veral sy hande het glo 'n besondere lekker reuk afgegee.

St. Filip had blykbaar die besondere gawe om letterlik sonde (veral sonde van die vlees) te kon ruik. Menige biegteling was verbaas om hul sonde op die lippe van hul biegvader te hoor nog voordat hulle hom daarvan ingelig het. St. Filip het self by geleentheid gesê dat sondes van die vlees 'n verskriklike stank afgee. Dikwels het St. Filip sy biegtelinge in die biegtkamer verstom deur vir hulle by hul inkom al te sê dat hy alreeds deur hul reuk weet aan watter sondes hulle skuldig was.

St. Filip het altyd gesê dat ons nooit onself moet vertrou nie, maak nie saak hoe deugsam ons lewe of hoe sterk ons wilskrag is nie. Vir hom was nederigheid die ware bewaker van kuisheid, ook het hy dit ten sterkste afgekeur dat mense ander mense veroordeel of beskinder omdat hulle in hul kuisheid gefaal het en gesê dat so 'n houding die vinnigste manier is om self in kuisheid te struikel. Intendeel het hy sy volgelinge aangemoedig om spesiaal medelye en liefde te toon aan diegene wat in kuisheid gefaal het. Mense wat oordelerig, vitterig en self-versekerd was, veral ten opsigte van hul vermoë om die versoekinge van die vlees te weerstaan, het St. Filip as verlore beskou.

### GEBED

Heilige Filip, my glorieryke Beskermheilige, u wat tot so 'n mate u reinheid voor God en mens ongeskonde bewaar het dat u oë en hande daarvan gestraal het en u lyf met deugsamheid gekeur was, verkry vir my hierdie gawe van die Heilige Gees. Staan my by sodat die woorde en voorbeeld van sonaar geen nadelige invloed op my lewe en siel sal hê nie. Laat ek gereeld van die sakramente gebruik maak en deur volharding in gebed alle geleenthede tot die sonde vermy, sodat ek in reinheid van liggaam en siel mag lewe en so die ewige lewe mag beërwe.



## ST. FILIP SE SAGMOEDIGHEID 21 MEI - DAG V

St. Filip kon dit nie verduur om enige lyding te aanskou nie, en alhoewel hy aardse rykdom geminag het, het hy altyd gewens dat hy genoeg geld sou hê om behoeftige mense by te staan.

St. Filip kon dit nie uitstaan om kindertjies armoedig en in vodde te sien rondloop nie en hy het alles in sy vermoë gedoen om klere vir hulle te bekom.

St. Filip het veral ontsteld geraak wanneer hy onskuldige mense in verdrukking of lyding teëgekom het. Op 'n keer toe 'n Romeinse man valslik van moord beskuldig is en in die gevangenis gegooi is, het St. Filip so ver gegaan as om sy saak voor die pous te bepleit.

By 'n ander geleentheid is 'n priester weer valslik van 'n oortreding beskuldig en baie vooraanstaande en magtige mense het geglo die priester is skuldig. St. Filip egter het vas in die man se onskuld geglo en nie gerus totdat sy ware onskuld openbaar gemaak is nie.

Destyds is daar veral teen sigeuners gediskrimineer. St. Filip het op 'n keer teen dié bevooroordeelning van sy samelewing ingegaan om 'n groep sigeuners wat onregverdig ter dood veroordeel is se saak by die pous te bepleit en uiteindelik hul vryheid te verkry. Sy liefde vir geregtigheid was net so sterk soos sy sagmoedigheid en medelye.

Kort nadat hy priester geword het, het daar verskriklike hongersnood in Rome uitgebreek. Op 'n dag stuur iemand hom ses brode as 'n geskenk. Hy het onmiddellik al ses die brode aan 'n behoeftige buitelandse gegee en daardie dag niks meer as 'n handjievul olywe geëet nie.

St. Filip had 'n groot voorliefde vir vakmanne, en al die behoeftige verkoopsmanne wat so 'n karige bestaan gemaak het. St. Filip het twee horlosiemakers geken, beide goeie vakmanne, maar albei bejaard, met groot gesinne om te onderhou. By hulle het hy 'n groot aantal horlosies bestel en sy vriende oorreed om dié te koop.

Nog 'n groep wie se posisie destyds benard was, was behoeftige jongmeisies, wat nie oor die finansiële vermoë beskik het om goeie huwelike aan te gaan nie. St. Filip het hom altyd oor hulle ontferm en dikwels bruidskatte gereël vir dié wat wou trou en vir dié wat by kloosters wou intree het hy ook die nodige donasies bekom.

Hy was veral ook besorg oor gevangenes en dit was sy gewoonte om weekliks geld aan mense in die tronk te stuur.

St. Filip se vrygewigheid teenoor dié arm mense wat te skaam of te beskroomd was om vir geld te vra het geen perke geken nie.

Nog 'n groep mense wat veel gebaat het by St. Filip se groothartigheid, was behoeftige studente; hy het 'n hele aantal van hulle onderhou deur hulle van voedsel en klere te voorsien, en het vir baie het hy ook boeke gekoop vir hul studies. Sy eie boeke wat hy as student gebruik het, het hy teen 'n nominale bedrag aan 'n arm student verkoop om dié by te staan.

St. Filip was altyd diep ontroer as iemand gaaf of vrygewig teenoor hom was. Een van sy vriende het op 'n keer gesê: *“n Mens kon nooit 'n geskenk aan St. Filip gee sonder om iets van nog groter waarde terug te ontvang nie.”*

Hy was self gesorg oor wilde diere, iets wat destyds ongewoon was - hy wou nie eers toelaat dat iemand 'n akkedis doodtrap nie.

Op 'n keer toe hy getuie was van hoe 'n slagter 'n hond sonder enige rede met sy mes gewond het, was hy so ontsteld dat hy met groot moeite teruggehou kon word. St. Filip kon geen wreedheid teenoor diere duld nie.

## GEBED

Heilige Filip, my glorieryke Voorspraak, leer my om alle skepsels raak te sien en te eer. Laat ek nooit vergeet dat dieselfde Skepper wat my gemaak het ook die hele Skepping en al die mense en diere daarin geskep het nie. Laat ek die Skepping en God se werke om Gods ontwil bemin, en alle mense liefhê om die ontwil van my Heiland, wat ons almal aan die kruishout verlos het. Laat ek veral my mede-Christene bemin en altyd medelye teenoor hulle toon. Ek bid u, sodat u wat altyd op aarde soveel deernis en sagmoedigheid met alles en almal gehad het, veral nou vanuit u hemelse woning ons sal bestaan en voorbidding vir ons sal doen. Help ons deur ons moeilikhede om alles van God te verkry wat ons nodig het om veilig in die hemel te kom.

## ST. FILIP SE VROLIKHEID 22 MEI - DAG VI



Een van die vele opvallende karaktertrekke van St. Filip was sy opgeruimde vriendelikheid. Almal wat na hom toe gekom het is met dieselfde hartlike welwillendheid ontvang, of hulle nou ou kennisse of totale vreemdelinge was. Hy was 'n man met 'n ryk innerlike skat van empatie, sy vrolikheid en medelye en simpatie was noot geveins nie, maar altyd opreg.

Somtyds sou hy, terwyl hy aan die bid was, opstaan en buitentoe gaan om met die jongmanne op straat te skerts en spelerig te gesels.

St. Filip kon gee swaarmoedigheid of neerslagtigheid duld nie omdat hy vas geglo het dat dit 'n uiters nadelige effek op 'n mens se geestelike lewe het. Wanneer hy iemand gesien het wat terneergedruk was, het hy altyd gesê: *“Toe nou, wees 'n bietjie vrolik!”* Hy het dan altyd ook verkies om homself met opgeruimde en vrolike mense te omring.

Terselfdertyd kon hy gee ongemanierdheid of onbeskofte gedrag verdra nie, hy had geen tyd vir growwe bespotlikheid nie.

Op 'n dag het St. Filip een van sy Oratoriane, Vr. Francesco Bernardi, wat 'n bietjie terneergedruk gelyk het, uitgenooi om saam met hom te gaan draf en so hom weer opgebeur.

Filip se biegtelinge het altyd verklaar dat daar in sy kamer so 'n wonderbaarlike gees van vrolikheid geheers het dat dit vir hulle gevoel het asof hulle die paradys binnestap.

Baie mense het gesê dat hulle maar net op die drumpel van St. Filip se kamer moes staan om weer opgebeur te word. 'n Menigte mense het verklaar dat die blote aansien van St. Filip se gesig vir hulle gemoedsrus besorg het. Mense het self gesê dat hulle vertroosting in hul lewens ervaar het deur van St. Filip te droom. Hoe dit ook al sy, was St. Filip vir almal met wie hy in aanraking gekom het 'n bron van vertroosting en vrede.

Niemand het St. Filip ooit depressief of melankolies gesien nie. Hy was altyd opgeruimd, met 'n glimlag op sy lippe, sonder om ooit oppervlakkig of ligsinnig te wees.

Selfs toe St. Filip siek was, was dit hy wat vanuit sy siekbed vertroosting aan sy besoekers gegee het. Selfs as 'n kranklike of bejaarde man het sy stem nog dieselfde sprankelende opgeruimdheid in hom gehad. Op 'n keer toe die geneeshere tot die slotsom gekom het dat daar nou niks meer te doen was aan sy siekte toestand nie, het hy heel kalm en bedaard hulle met die woorde van die Psalmis vertroos: *“Paratus sum et non sum turbatur”* (*ek is gereed en glad nie verontrus nie*). Hy het in totaal vier keer die Laaste Sakramente ontvang - altyd met dieselfde kalmte en blymoedigheid.

**GEBED**

Heilige Filip, my glorieryke Voorspraak, u het so getrou die voorbeeld en voorskrifte van die Apostel Paulus nagevolg, deur u in alles te verheug. Bid vir my sodat ek die genade van 'n volmaakte oorgawe aan God se wil kan verkry; help my om nie behep te raak met die dinge van hierdie wêreld nie, laat ek altyd op die hemel gefokus bly en nooit die Goddelike Voorsienigheid teleurstel nie. Verkry vir my dié genadegawes om nooit wanhopig, mismoedig, bedruk en gekwel te wees nie; laat mense my altyd as openhartig en gelukkig ervaar, laat my woorde altyd vriendelik en aangenaam wees. Help my om soos iemand te lewe wat in God se guns staan, en waarlik die vooruitsig van my hemelse geluk, nou al te begin ervaar.





## ST. FILIP SE GEDULD 23 MEI - DAG VII

Vir baie jare was St. Filip as 'n voorwerp van bespotting beskou deur die bewoners van Rome se groot paleise, wat nie daarvan gehou het om 'n deugsame en opregte mens as herinnering aan hul eie tekortkominge te sien nie. Hierdie sarkastiese veroordeling en bespotting van St. Filip in die wonings van hoë en magtige Romeine sou baie jare voortduur.

Hierdie houding is opgeneem deur almal wie se lewens op die een of ander manier in 'n swak lig gestel is deur St. Filip se voorbeeldige lewe. As die korrupte koopmanne en swendelaars het saam geskinder en St. Filip van die allervreeslikste dinge beskuldig.

St. Filip het egter nooit ontsteld geraak as die een of ander liederlike storie oor hom versprei is nie, intendeel dit was heel duidelik dat dit hom geensins kon skeel wat mense oor hom te sê gehad het nie - dieselfde bedaarde kalmte en gemoedsrus het steeds sy lewe gekenmerk. Op sy lippe was daar altyd dieselfde vriendelike glimlaggie.

Op 'n keer het die dienskneg van 'n edelman St. Filip lelik begin uitskel, tot so 'n mate dat een van die omstanders, wat dit nie langer kon verduur nie, die man hardhandig te lyf wou gaan. St. Filip het egter die hele affêre met die grootste geduld en opgeruimdheid beskou en gekeer dat dié dienskneg geslaan word.

Partykeer was dit self St. Filip se eie volgelinge en geestelike kinders wat hom behandel het asof hy 'n onnosele stommerik was - tog het hy nooit enige weersin in hulle of woede oor die manier wat hulle hom behandel het, getoon nie.


Toe hy al Owerste van die *Kongregasie van die Oratorium* was, het een van sy medebroers by geleentheid 'n brief uit sy hand gegryp - die ander lede van die Oratorium was geskok hieroor, maar St. Filip se deemoedigheid het geen teken van ontsteltenis of ergernis getoon nie.

Geduld was so volkome deel van wie hy was, dat niemand hom ooit sy humeur sien verloor het nie. By St. Filip was daar nooit enige wrok of weersin nie, maak nie saak hoe groot die onreg was wat teenoor hom gepleeg is nie. Sy kalmte en bedaartheit het almal opgeval wat met hom in aanraking gekom het. Hy was voorwaar geanker in die goddelike lewe van sy Heiland.

**GEBED**

Heilige Filip, my glorieryke Voorspraak, u het soveel vervolging en beswadding, pyn en siekte, met sulke bewonderenswaardige geduld verduur; verkry vir my die genadegawe van vasberadenheid om die beproewing van hierdie lewe te deurstaan. Hoe ver skiet ek nie tekort aan ware geduld nie! Hoe dikwels probeer ek nie ongerief vermy en my eie gemak bo alles stel nie! Hoeveel kere wil ek nie moedeloos word wanneer geringe beproewing my te beurt val nie? Ek verknies myself oor onbenullige dinge en word kwaad vir dinge wat eintlik van geen blywende belang is nie. Verkry vir my die genade om met opgeruimde wilskrag die daaglikse kruise van my bestaan te dra. Help my om u voorbeeld na te volg, sodat ek my Heiland en Redder met so getrou soos u kan navolg. Danksy u lankmoedigheid en uithouvermoë kon u liggaamlike en geestelike pyn oorkom en so die hemel beërwe. Bid dat ek ook die groot genadegawe van geduld mag ontvang en uiteindelik die ewige lewe.

## ST. FILIP SE SIELESORG 24 MEI - DAG VIII



As jong priester was dit St. Filip se groot begeerte om met sy geestelike volgelinge die voorbeeld van die Heilige Franciskus Xaverius te volg en die evangelie aan die heidennasies in die Ooste te verkondig. Hy het uiteindelik van hierdie wens afgesien nadat hy heilige mense hieroor uitgevra het om so God se Wil vir homself te ontdek.

Dit het St. Filip se vurige begeerte geword om al die swak en slegte Christene tuis te bekeer. Selfs as ou man het hy homself diep bemoei met alle mense se geestelike vordering en dikwels geweën oor die sondes van die wêreld asof dit sy eie was.

St. Filip het, deur Gods genade, daarin geslaag om tydens sy aardse lewe 'n byna ontelbare menigte sondaars weer terug na God te bring. Baie mense se laaste woorde by hul sterwensuur was: *"Salig die dag toe ek Vr. Filip ontmoet het!"* Iemand het by geleentheid gesê dat Filip siele na hom toe aangetrek het soos 'n magneet yster aantrek.

St. Filip het die Sakrament van Versoening as sy persoonlike apostolaat gesien. Elke dag het hy gewoonlik al voor sonsopkoms al 'n hele aantal biegtelinge in sy kamer gehad. Daarna het hy afgegaan kerk toe waar hy dikwels tot die middaguur in die biegtkamer op biegtelinge gewag het. Selfs as geen biegtelinge hul opwagtinge gemaak het nie, was hy nog steeds op sy pos, besig om te lees, of om die Liturgiese Gebedsure of sy Rosekrans te bid. Waarmee hy ook al besig was, of dit nou gebed of 'n maaltyd was, het hy onmiddellik daarmee opgehou sodra hy gehoor het dat iemand wou bieg. Selfs toe hy siek was het hy nooit opgehou om mense se bieg aan te hoor nie en slegs op aandrang van sy geneeshere het hy daarmee opgehou. Om dieselfde rede het St. Filip altyd sy kamerdeur oopgelaat sodat mense wat wou kom bieg sou kon sien wanneer hy nie besig is nie en die vrymoedigheid sou hê om in te kom.

St. Filip was veral besorg oor die geestelike lewe van die seuns en jongmanne. Hy het geglo dat ledigheid hul grootste probleem is en altyd seker gemaak dat hulle iets gehad het om te doen.

St. Filip het hom nooit gesteur aan die lawaai en rumoer wat die seuns en jongmanne gemaak het nie. Vir hom was dit meer as genoeg as hulle deur hul speletjies of ander jongmens lawwighede net buite die bereik van versoeking sou bly. Op 'n keer toe hulle buite op straat aan die speel was en baie geraas gemaak het, het een van die priesters by hom

daaroor kom kla en gevra hoe hy al dié lawaai kon uitstaan. St. Filip se antwoord was: *“Solank as wat hulle maar nie sondig nie, kan hulle, vir al wat ek omgee, tot hout op my rug kom kap.”*

Die Dominikaners het St. Filip altyd gevra om hulle noviete uit te neem vir ontspanning. St. Filip het dié jongmanne se lewenslustige uitbundigheid baie geniet. Hy het veral plesier daaraan gehad om te sien watter gesonde aptyte hulle gehad het en hoe lekker hulle kon eet tydens sulke pieknieke. Hy het dan altyd gesê: *“Eet my seuns, soveel as wat julle wil, dit maak my sommer vet net om na julle te kyk.”* Ná die maaltyd sou hulle in ‘n kring om hom sit en hom van hul probleme vertel, terwyl hy hulle gesonde raad sou gee en maniere sou uitlê om die sonde te vermy.

St. Filip het veral oor ‘n wonderlike vermoë beskik om siek mense te vertroos en hulle te help om die versoeking van die duiwel te weerstaan.

Die praktiese uitlewing van die Christelike geloof was vir St. Filip die beginpunt vir ware geestelike groei. Hy was altyd besig om die siekes in die hospitale te besoek – hierdie besoeke was egter baie meer as net gesels: St. Filip sou hulle beddens vir hulle opmaak, waar nodig die pasiënte was en aantrek en selfs hul maaltye kook.

## GEBED

Heilige Filip, my Beskermheilige, die siele van u medemens was vir u ‘n ernstige saak en lewenslange taak. Wees asseblief nou nog, in u hemelse heerlijkheid, besorg oor die siele van ons mense, veral ons, u kinders en volgelinge. Bid vir ons en laat u kennis en insig ons bystand wees, sodat ons deur u voorspraak die regte pad na God nie byster sal raak nie. Wees vir ons ‘n goeie vader, laat ons priesters onberispelik en sonder blaam lewe en nooit die oorsaak van enige skandaal wees nie. Laat ons kinders gehoorsaam, kuis en omsigtig lewe, ons ouers wys en sagmoedig, en ons bejaardes vrolik en ywerig. Maak van ons, deur u kragtige voorbidding, mense wat waarlik met geloof, hoop en liefde lewe.

**ST. FILIP SE  
WONDERBAARLIKE GAWES  
25 MEI - DAG IX**



St. Filip se vele en groot deugde is bekroon met verskeie merkwaardige wonderbaarlike gawes - hieroor het hy egter nooit loop en spog nie, intendeel hy het altyd alles in sy vermoë gedoen om dié krag wat hy van God ontvang het vir mense te verberg.

God het vir St. Filip die vermoë gegee om dieper die Goddelike geheimenisse binne te gaan, deur hom te seën met die wonderbaarlike middele soos die verukkinge, visioene en ekstases wat Filip gereeld deur sy lang lewe ervaar het.

'n Vriend van St. Filip het op 'n keer vroeg in die oggend na sy kamer gegaan om te bieg. Hy het die deur stilletjies oopgemaak en Filip in gebed gesien, op sy voete met sy hande uitgestrek en sy oë hemelwaarts gerig. St. Filip was onbewus van die persoon se binnekoms en selfs toe hy naby aan Filip gaan staan en met hom gepraat het kon dit Filip nie uit sy gebedsvervoering laat wegbreek nie. Vir 'n verdere agt minute was Filip totaal onbewus van wat om hom aangegaan het.

Dit was St. Filip beskore om in 'n visioen die siele van talle mense, sy vriende en biegtelinge te sien, wat hemel toe gegaan het. Daar het selfs onder sy kennis en biegtelinge die opvatting geheers dat iemand wat as 'n geestelike kind van St. Filip gereken kon word, nooit oor die hiernamaals hoef te vrees nie.

Filip had ook die vermoë, a.g.v. sy persoonlike heiligheid om te kon onderskei tussen egte en valse visioene. Hy het mense veral teen laasgenoemde gewaarsku en gesê dat dit maklik is om so mislei te word.

St. Filip staan uit onder die heiliges deur die eeue vanweë sy sonderlinge vermoë om mense se harte te kon lees, asook die insigte wat hy in toekomstige gebeure gehad het. Voorbeelde hiervan sou boekdele kon vul. Hy het 'n aantal mense se afsterwe voorspel, sowel as die herstel van ander wat sterwende gelyk het; hy het dikwels die geboorte van kinders voorspel aan diegene wat oënskynlik kinderloos was; hy het voor die tyd geweet wie tot pous verkies sou word en sy vermoë om presies te weet wat in die gedagtes en lewens van sy biegtelinge en diegene om hom aan die gang was, was beslis wonderbaarlik.

St. Filip het altyd geweet, nog voordat hulle hom meegedeel het, of sy biegtelinge getrou gebid het of nie. St. Filip se vermoë om verborge dinge te weet, was so bekend, dat mense wat besig was om slegte dinge te sê of te dink, daarmee opgehou het sodra hulle hom raakgeloop het omdat hulle geweet het dat hy daarvan sou weet.

Op 'n keer het 'n vrou oënskynlik by St. Filip kom bieg terwyl sy in werklikheid geld by hom wou gehad het. Toe sy die biegkamer binnekom het hy haar onmiddellik meegedeel dat hy niks het om haar te gee nie.

By 'n ander geleentheid was 'n man by St. Filip in die bieg so ontsteld en beskaamd oor sy sonde dat hy homself nie so ver kon kry om dit te uiter nie; daarop het St. Filip vir hom presies uitgelê wat dit was wat hy kom bieg het.

Van sulke gebeure is daar tallose voorbeelde in St. Filip se lewe. Almal wat met hom in aanraking gekom het was verstom oor sy vermoë om letterlik hul gedagtes te lees.

Op dieselfde wyse was St. Filip geseën met die krag om mense te genees. Hy kon mense se pyn wegneem deur sy hande op hulle te lê en die kruisteken oor hulle te maak. Somtyds kon hy 'n siekte so onmiddellik genees, andere kere moes hy lank daarvoor gaan bid voordat genesing ingetree het. In sekere gevalle het hy selfs die siekte beveel om die persoon te verlaat en dan het die persoon onmiddellik gesond geword. So bekend het hy as geneser geword, dat siek mense dikwels probeer het om van sy klere, skoene en selfs hare in die hande te kry - in sy groot genade het God toegelaat dat hulle deur hierdie materiële dinge van Filip genees word.

## GEBED

Heilige Filip, my Beskermheilige, die wonde en siektes van my siel is soveel groter as dié van my liggaam. Die Almagtige God hou in sy hande die mag om 'n siel te genees en van die dood vry te spreek. Heilige Filip, waar u nou is, kan u selfs meer doen as toe u hier op aarde was. Toe het God, deur u, mense van liggaamlike kwale genees - ek bid u nou om u voorspraak sodat God nou deur u voorbidding die wonde en kwale van my siel sal genees. Bid vir my, o goddelike geneesheer, u wat harte so goed kon lees, dat ek innerlik gereinig sal word van al my sondes. Bid ook dat ek in dieselfde genade en liefde van God as u sal sterf en so, net soos u, van die ewige lewe verseker sal wees.